Kraggakamma Gemeente Kuberkamma

1 September 2019

Rom 8 vers 31

"Wat is die gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?"

Psalm 105 vers 4

"Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig Sy teenwoordigheid."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

08h30 Eietydse diens in die saal
09h45 Kategese
10h00 Klassieke diens in die saal
Die deurdankoffer gaan vir die Instituut vir Dowes

Program vir die Week

1 tot 4 September – Ringsitting

2 September	09h30	Nagmaal by Kraggakamma Uitspanning
	12h45	Gebedskild in gebedskamer
3 September	11h00	Nagmaal by Stella Londt
	19h00	Leef@Kerk
4 September	10h00	Nagmaal by CP Bradfield
6 September	05h00	Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68
7 September	09h00	Basaar by Huis Louisa Myburgh

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Preke**:**
Ons is tans besig met 'n 7 weke reeks, "7 Weke met Ritmes vir die lewe". Die boekies is by die kerkkantoor beskikbaar.

Sake vir gebed
Sondag 1 September is die Nasionale Biddag vir Dowes. Bid vir almal wat doof is, of diegene wat daarby betrokke is. Lees meer hieroor op hulle **webblad.**
Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek **Jordanië**
Bid saam met Christenbekeerlinge in Jordanië, wat deur familielede mishandel word, en deur die Polisie ondervra word. Bid vir hulle beskerming en genesing. ***Foto***

There4-Bedieninge wil vir elkeen dankie sê vir julle harde werk en al die donasies in verskeie vorme wat ons ontvang het vir ons reis na Egipte. Julle is baie kosbaar.

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

1 September	Kobus Coetzee en Francois Roets
2 September	Fanie Gouws, Jaco Strydom en Kara Strydom
3 September	Daan Boshoff, Wayne Delport, Lucelle Theron en Cara van Wyk
4 September	Phillip de Vos, Stefan de Vos, Theo Pagel en Leon Stoltz
5 September	Danielle Esterhuyse, Maizie Gerber, Stephan Redpath, Maryna Rheeder en Carly Ross
6 September	Damian Cox
7 September	Jalise Malan, Corrie van Huyssteen en Mariet Vermaak

Padkos

"Professor G" help ook net so ver!

Almal hardloop deesdae heel eerste na "professor Google" toe as hulle iets wil weet. In milli-sekondes is inligting hier beskikbaar oor enigiets. Meestal is dit boonop verniet. Maar daar's een ding waarmee "professor G" jou nie kan help nie, en dit is met wysheid. Wysheid oor hoe om al hierdie kennis reg toe te pas en hoe om sinvol te leef, is vandag skaarser as ooit. Ons wêreld smag na sulke wysheid. Ons almal is op soek na wyse mense wat op die pad van Spreuke leef. O ja, sulke wysheid kan net bemeester word aan die Here se voete. Van daar af mond dit uit in jou ganse lewe - in hoe jy dink, leef, praat, en optree. Wel, waar trek jyself op die Here se pad van wysheid? Soek jy dit elke dag met alles in jou? Spreuke 2:2-6 sê juis dat om wysheid met jou hele hart na te jaag, is om die Here Self te vind. As jy na wysheid soek soos wat jy na 'n kosbare skat soek, sal jy dit vind. God deel graag wysheid met jou wat jou lewe propvol volmaak met betekenis en vreugde. Jaag dit na met alles in jou. Dit is 'n ewigheid meer werd as "professor G" se informasie.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert **http://www.ekerk.org/**]

Kubergroete tot volgende keer

[2019-07-28]

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com